# St. Katerina Labouré

## 28 November

(1806-1876)



Hierdie non en mistikus se naam sal altyd verbind word met die Wondermedalje. As jongmeisie tree sy in by die Susters van Liefdadigheid van St. Vincent de Paul. In die klooster aan die Rue de Bac in Parys ervaar sy 'n reeks visioene waarin die Maagd Maria aan haar verskyn en haar opdrag gee om 'n medalje te laat maak tot eer van die Onbevlekte Ontvangenis. Haar biegvader was die enigste mens wat van haar visioene geweet het en hy verkry die nodige toestemming van die aartsbiskop van Parys en in 1832 word 1500 van dié medaljes gemunt. Sy was 'n eenvoudige mens wat tot en met haar dood as skoonmaakster in die Hospice d'Enghien gewerk het. 'n Paar dae vóór haar dood het sy vir die eerste keer met ander mense oor haar visioene gepraat. Die Wondermedalje bly vandag nog een van die populêrste devosionele middele in Kerk

© Die Oratorium Uitgewery